

1 September

**Skrifgedeelte: 1 Konings 3 en 4
Fokusgedeelte: 1 Konings 3:5-15**

Die Here maak ons ryk deur gebed

As God ons iets wil gee, en ons as sy kinders wil opvoed, dan plaas Hy ons dikwels in bepaalde omstandighede waarin ons leer wat ons behoeftes is. Die Here gee ons dan daardie dinge wanneer ons Hom daarvoor vra. Salomo word in sy pa Dawid se plek koning en God maak sy oë oop vir die moeilike taak wat op hom wag. As die Here aan hom verskyn en hom vra wat hy begeer, begeer hy deur God se genade die regte ding: wysheid om goed te regeer. 'n Mens kan natuurlik verkeerde dinge begeer. Die Here gee vir Salomo veel meer as wat hy begeer, want Hy is groot in goedheid en ryk in genade. Hy gee meer as wat ons dink of bid (Ef 3:20). Soos wat God een maal aan Salomo verskyn en gevra het: "Wat begeer jy?" so verskyn Hy ook in Christus aan ons met dieselfde vraag. En wie vir Christus in die geloof sien as die ware Verlosser, sien hom/haarself ook raak as "arm van gees" – totaal afhanklik van God vir alles wat ons nodig het. Alles wat ek nie kan doen nie, dit kan en het God in Christus gedoen en deur sy Gees in die lewens van sy kinders werklikheid laat word; Hy maak ons ryk. Saam met Christus gee Hy ons alles wat ons nodig het. Salomo het ryklik van die Here ontvang: genoeg om sy volk wys en reg te regeer – soveel so dat uitlanders verstom was oor die oorfloed van die God van Israel. Bid ons genoeg? Vra ons genoeg?

Sing: Psalm 145:9,10,11,12 Ds PH Fick (Komatipoort)